HOOFSTUK 12

Apartheid word bedreig

IN DIE VUIL SPEL van internasionale spioenasie is dit tegniese vermoë wat een agentskap 'n voorsprong bo die ander gee. Hendrik van den Bergh het reuse-bedrae geld bestee om te verseker dat BOSS van die mees gesofistikeerde tegniese toerusting in die wêreld het. Met die beste radio-, waarnemings- en teen-waarnemingstoerusting op die regte plekke, kon BOSS baie van sy mededingers die loef afsteek. Om die toerusting behoorlik te installeer en sy personeel op te lei, het Van den Bergh in die geheim tegniese deskundiges uit Israel na Suid-Afrika gebring. Hy was vasbeslote om meeluistertoestelle in elke hoekie en gaatjie waar vriend en vyand bedrywig was, aan te bring.

"Jy kom nie nader aan die waarheid as uit die perd se bek nie," het hy aan sy mense gesê. Dan het sy geliefkoosde spreuk gevolg: "En onthou, kennis is mag."

Die eerste volledige radio-spioenasiestasie is op 'n heuwel buite Pretoria aangebring, die tweede op die terrein waar Sharp en sy twee kollegas gewoon het.

In 'n voorval wat later "Spioene in die lug" gedoop is, is ontdek dat BOSS-agente kajuitbemanningslede van die Suid-Afrikaanse Lugdiens gewerf en opgelei het. BOSS-agente het die daaglikse passasierslyste bestudeer wat bronne in die lugdiens aan hulle verskaf het. Op plaaslike, maar veral internasionale vlugte, het die opgeleide SAL-personeel meeluistertoestelle in geheime plekke bo die sitplekke van bepaalde passasiers geplaas. So is die gesprekke van politieke "verdagtes" opgeneem. Die kassette is in diplomatieke sakke gesit en by die onderskeie bestemmings aan BOSS-agente oorhandig. Die media het op BOSS losgebrand en hom daarvan beskuldig dat hy die basiese menseregte van sy slagoffers aantas.

"My agente is deskundiges op hul terreine," het Van den Bergh geantwoord. "Hulle het net een doel en dit is die beskerming van die staat en sy burgers. Ons behoort almal besonder trots te wees op hierdie dapper manne en vroue en wat hulle doen."

In Februarie 1974 het John Vorster in Kaapstad toegegee dat konvensionele metodes nie meer in die stryd teen ongunstige buitelandse menings oor Suid-Afrika werk nie. Hy het amptelik toestemming aan Mulder, Rhoodie en

Diederichs gegee om 'n volledige koverte sielkundige aanslag te begin. Waar Van den Bergh nie regstreeks betrokke was nie, moes hy op die hoogte van projekte en ontwikkelings gehou word. Met dié dat oorlogvoering met woorde nie sy sterk punt was nie, was die hoof van BOSS maar alte gretig om dié taak in Rhoodie se bekwame hande te laat.

Op 'n donker reënnag het Sharp na die Lanseria-lughawe buite Johannesburg gereis. Die klein tweemotorige vliegtuig het betyds geland en hy het die twee buitelanders ingewag toe hulle die vliegtuig verlaat. Hulle het elk 'n soort weermagsak en 'n staaltrommel gedra. Hulle was nie die soort mense wat geselsies gemaak het nie en het in stilte die daaropvolgende rit meegemaak. Die digte wolke het hul bestemming donkerder as gewoonlik laat lyk. Ná Sharp geparkeer het, het hy hulle na die modderige waterkant geneem. By die landingsplek het 'n eensame figuur geduldig onder 'n sambreel gewag. Hulle het nie eens die ou man se groet erken nie. Die enjin is aan die gang gekry en die boot het weg van die land begin vaar.

Net byname is gebruik toe Sharp die twee aan sy huismaats voorstel. Die besoekers het hul sakke en trommels in die kamer wat aan hulle toegewys is, gesit voor die reuk van vleis die vyf mans in die yl gemeubileerde eetkamer byeengebring het. Aan tafel het die buitelanders dadelik tot die punt gekom: die opleiding waarvoor hulle ontbied is, sal 'n week neem. Op die vyfde dag en onder leiding van die buitelanders het Sharp en sy kollegas twee eenhede aanmekaar gesit. Dit sou deur die buitelanders versend word wanneer hulle terug in Europa is.

Ná die vertrek van die deskundiges het die drie BOSS-agente geduldig op nuus uit die vreemde gewag. Dae later, in Februarie 1974, het 'n pakkie in Botswana aangekom. Dit is in Genève gepos en aan Abraham Tiro, 'n ANC-banneling, geadresseer. Die briefbom het in sy gesig ontplof en hy is op die plek dood. Twaalf dae later het dieselfde met Joel Dube, die ANC-verteenwoordiger in Zambië, gebeur. Om die sukses te vier, het Van den Bergh na die geheime BOSS-plek gereis. Die bootsman en sy vaartuig was so betyds soos altyd.

"Gee my so twee uur," het Van den Bergh gesê toe hulle die landingsplek bereik.

"Ek sal wag," het die afgetrede agent geantwoord.

In afwagting van die lang man se besoek het Sharp en sy kollegas 'n groter as gewoonlik vuur gemaak. Hulle het die BOSS-baas met 'n dubbele brandewyn en Coke verwelkom.

“Geluk met ’n stuk goeie werk,” het Van den Bergh gesê. Die drie agente het gretig hul immer vol glase saam met hom gelig.

“Moet ons nog ’n verrassingspakkie vir Hain Londen toe stuur?” het Sharp gevra.

“Net as jy sy sekretaris se haarkapsel wil omkrap,” het Van den Bergh gesê. “Ek twyfel of hy self weer enige briewe en pakkies sal oopmaak.”

Ná die gelag bedaar het, het die hoof van BOSS ernstig geraak: “Behalwe dat julle die vyand elimineer, stuur julle ’n sterk boodskap aan lande wat die ANC bly steun. Hou so aan.”